

opgesomde finansiële resultate



Sleutel prestasie-aanwysers

		2023	2022	% veranderinge ⁽¹⁾ 2022/2023
Wingsgewendheid				
Rente-inkomste op lenings	R'm	15 799	13 247	19
Rente-inkomste op beleggings en ander finansiële instrumente	R'm	5 400	4 207	28
Totale rente-inkomste	R'm	21 199	17 454	21
Netto leningsfooi-inkomste	R'm	1 079	951	13
Netto kredietlewendesversekeringsinkomste	R'm	1 889	1 540	23
Totale lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste minus leningsfooi-koste	R'm	24 167	19 945	21
Rente betaal	R'm	(6 993)	(4 838)	45
Netto lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste	R'm	17 174	15 107	14
Netto transaksie en kommissie-inkomste	R'm	11 461	10 515	9
Netto buitelandse valuta-inkomste	R'm	162	144	13
Begrafnisplaninkomste	R'm	1 431	906	58
Ander inkomste ⁽²⁾	R'm	79	290	(73)
Bedryfsinkomste	R'm	30 307	26 962	12
Kredietafskrywingskoste	R'm	(6 329)	(3 508)	80
Netto inkomste	R'm	23 978	23 454	2
Bedryfsuitgawes	R'm	(11 877)	(12 555)	(5)
Deel van netto inkomste van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	R'm	98	36	>100
Bedryfsinkomste voor belasting	R'm	12 199	10 935	12
Belastinguitgawe	R'm	(2 492)	(2 408)	3
Wins na belasting	R'm	9 707	8 527	14
Voorkeurdividend	R'm	(4)	(3)	33
Diskonto op terugkoop van voorkeuraandele	R'm	–	(1)	
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers⁽³⁾				
Basiese verdienste	R'm	9 703	8 523	14
Wesensverdienste	R'm	9 709	8 440	15
Netto transaksie en kommissie-, buitelandse valuta- en begrafnisplaninkomste tot netto inkomste	%	54	49	
Netto transaksie en kommissie-, buitelandse valuta- en begrafnisplaninkomste tot bedryfsuitgawes	%	110	92	
Koste-inkomste-verhouding	%	39	47	
Opbrengs op gewone aandeelhouersekwhiteit	%	26	26	
Verdienste per aandeel				
Toeskryfbare verdienste	cents	8 415	7 371	14
Wesensverdienste	cents	8 420	7 300	15
Aantal aandele vir berekening	'000	115 309	115 627	
Verwaterde toeskryfbare verdienste	cents	8 392	7 360	14
Verwaterde wesensverdienste	cents	8 397	7 289	15
Aantal aandele vir berekening	'000	115 617	115 800	
Dividende per aandeel				
Tussentydse	cents	1 400	1 200	17
Finale	cents	2 800	2 440	15
Totale	cents	4 200	3 640	15
Aantal aandele vir berekening	'000	116 100	116 100	
Dividenddekking	times	2.0	2.0	
Spesiale gewone dividend	cents	–	1 500	
Bates				
Netto lenings en voorskotte	R'm	78 168	66 549	17
Kontant en finansiële beleggings ⁽⁴⁾	R'm	95 965	97 901	(2)
Ander ⁽⁵⁾	R'm	17 668	13 493	31
Totale bates	R'm	191 801	177 943	8
Laste				
Deposito's en groothandelbefondsing	R'm	146 498	134 458	9
Ander	R'm	6 218	7 720	(19)
Totale laste	R'm	152 716	142 178	7
Ekwhiteit				
Aandeelhouersfondse (totale ekwhiteit)	R'm	39 085	35 765	9
Kapitaaltoereikendheidsverhouding	%	34	36	
Netto batewaarde per gewone aandeel	cents	33 760	30 888	9
Aantal aandele vir berekening	'000	115 627	115 627	
Aandeleprys	cents	175 451	207 435	(15)
Markkapitalisasie	R'm	203 699	240 832	(15)
Aantal uitgereikte aandele volgens die aandeelhouersregister	'000	116 100	116 100	
Bedryfswaardes				
Takke		860	853	1
Werknemers		15 451	14 758	5
Aktiewe kliënte (insluitende POS-handelaars) ⁽⁶⁾	'000	20 105	18 104	11
OTM's en kontanthersirkuleerders ⁽⁷⁾		7 898	7 178	10
Kapitaalbesteding	R'm	1 163	863	35
Kredietverkope				
Kleinhandelbank - waarde van totale lenings toegestaan	R'm	52 928	43 932	20
Waarde van kredietkaartuitbetalings/-onttrekkings	R'm	13 484	11 011	22
Waarde van toegangsfasiliteituitbetalings/-onttrekkings	R'm	19 779	14 167	40
Waarde van termynlenings toegestaan (netto van leningskonsolidasies)	R'm	19 665	18 754	5
Besigheidsbank - waarde van totale lenings toegestaan	R'm	65 484	53 903	21
Waarde van verbandlenings toegestaan	R'm	2 585	2 268	14
Waarde van besigheidslenings toegestaan	R'm	3 043	2 443	25
Waarde van oottrekkings toegestaan/uitbetaal ⁽⁸⁾	R'm	59 856	49 192	22
Waarde van totale lenings toegestaan	R'm	118 412	97 835	21
Kredietboek				
Bruto lenings en voorskotte	R'm	97 815	84 108	16
Kleinhandelbank	R'm	82 297	71 214	16
Fase 1	R'm	50 320	44 591	13
Fase 2	R'm	13 518	12 758	6
Fase 3	R'm	18 459	13 865	33
Besigheidsbank	R'm	15 518	12 894	20
Fase 1	R'm	13 177	10 706	23
Fase 2	R'm	1 213	1 287	(6)
Fase 3	R'm	1 128	901	25
Toelaag vir verwagte kredietafskrywings (ECL)	R'm	(19 647)	(17 559)	12
Kleinhandelbank	R'm	(18 806)	(16 776)	12
Besigheidsbank	R'm	(841)	(783)	7
Netto lenings en voorskotte	R'm	78 168	66 549	17
Kleinhandelbank	R'm	63 491	54 438	17
Besigheidsbank	R'm	14 677	12 111	21
Bruto kredietafskrywingskoste op lenings en voorskotte	R'm	7 041	4 286	64
Slegte skuld verhaal	R'm	707	818	(14)
Netto kredietafskrywingskoste op lenings en voorskotte ⁽⁹⁾	R'm	6 334	3 468	83
Netto kredietafskrywingskoste op lenings en voorskotte tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte (kredietverliesverhouding)	%	7.0	4.4	
Totale lenings- en versekeringsinkomste (beleggingsinkomste uitgesluit) ⁽¹⁰⁾	R'm	18 776	15 756	19
Netto kredietafskrywingskoste op lenings en voorskotte tot totale lenings- en versekeringsinkomste (beleggingsinkomste uitgesluit) ⁽¹⁰⁾	%	33.7	22.0	
Deposito's en groothandelbefondsing				
Groothandelbefondsing	R'm	2 439	2 060	18
Lopende spaarrekeninge	R'm	96 252	89 167	8
Vastetermyn-spaarrekeninge	R'm	46 533	41 928	11
Buitelandse valutadeposito's	R'm	1 274	1 303	(2)

⁽¹⁾ Die persentasie veranderinge wat in die kommentaar aangehaal word, is gebaseer op syfers wat in R'miljoen gedetermineer is.

⁽²⁾ Ander inkomste vir 2022 sluit R198.2 miljoen vergoeding in, soos ontvang van Sasria SOC Beperk, wat verband hou met die burgerlike onluste van Julie 2021.

⁽³⁾ Verwys na die wesensverdienste rekonsiliasie in die opgesomde finansiële state vir besonderhede oor die verskil tussen basiese en wesensverdienste.

⁽⁴⁾ Kontant, kontantekwivalente, geldmarkfondse, termyndeposito's en ander finansiële beleggings.

⁽⁵⁾ Netto versekeringsinkomste, ander inkomste, afgeleide finansiële bates, belegging in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings, eiendom, aanleg en toerusting, gebruiksreg bates, ontasbare bates wat klandisiewaarde en uitgestelde inkomstebelasting bates insluit.

⁽⁶⁾ Verkooppunthandelaars.

⁽⁷⁾ Outomatiese tellermasjiene, dubbelnootersirkuleerders en munt- en nootersirkuleerders.

⁽⁸⁾ Oortrokke uitbetalings/onttrekkings is bruto van terugbetalings.

⁽⁹⁾ Hierdie koste is slegs vir lenings en voorskotte. Die inkomstestaatkoste vir die verslagdoeningstydperk sluit 'n krediet van R4.3 miljoen in (Februarie 2022: koste - R39.6 miljoen) wat verband hou met ander finansiële bates.

⁽¹⁰⁾ Rente ontvang op lenings, aanvangsfooi, maandelikse diensfooi en netto versekeringsinkomste.

Wesensverdienste per aandeel

+15%

tot R 420 sent

vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022

Ons bou die toekoms

Ons uitslae het ons veerkragtigheid tydens moeilike omstandighede weerspieël deurdat die groep groei van 15% in wesensverdienste tot R9,7 miljard gelewer het. In die lig van die huidige uitdagende omgewing, het ons aangehou om kliënte te ondersteun deur aan hulle terug te gee terwyl ons die toekoms van finansiële dienste bou. Ons het aansienlike beleggings in strategiese projekte gemaak ter ondersteuning van ons doelwit om vir ons 20 miljoen kliënte waarde te ontsluit deur hul finansiële lewens te verbeter.

Ekonomiese uitdagings en moeilike omstandighede vir die verbruiker

Gedurende die 2022 finansiële jaar het die Suid-Afrikaanse ekonomie van die COVID-19-pandemie herstel. Die ekonomie is 'n hupstoot gegee deur hoër kommoditeitpysse wat tot 'n verbetering in die land se fiskale posisie bygedra het. Dié toename het egter ook die onderliggende belemerende faktore wat die land se vermoë om sy potensiaal in terme van langtermyn groei te bereik, oorskad. Dit word weerspieël in die groep se uitslae vir 2022.

Op 24 Februarie 2022 het Rusland die Oekraïne binnegeval. Dié inval het beduidende stygings in energie- en voedselpysse sowel as voorsieningskettingontwrigtings veroorsaak. Die ekonomiese stimuluspakette wat deur baie regerings geïmplementeer is, sowel as die voortselepende COVID-19-inperking in China gedurende 2022, het bygedra tot hoër wêreldwye inflasiekoerse, en die gevolglike risiko van verhoogde rentekoerse en 'n wêreldwye resessie. Hierdie geopolitieke gebeure het tot hoër plaaslike inflasiekoerse gelei. Dit gepaard met die voortgesette onsekerheid rakende beurtkrag en swakker sakevertroue, het groter finansiële druk op individue en besighede in Suid-Afrika geplaas.

Begrip vir die impak op ons kliënte

Teen die einde van Februarie 2023 het ons 20.1 miljoen aktiewe kliënte gehad (2022: 18.1 miljoen). Dit verskaf aan ons die finansiële data van ongeveer een derde van die Suid-Afrikaanse bevolking. Hierdie data stel ons in staat om ons kliënte en die impak wat die huidige verswakende ekonomiese toestande op Suid-Afrikanners het, te verstaan.

Ons kliënte het in die 2023 finansiële jaar op gemiddeld 8% meer aan kruideniersware en 16% meer aan brandstof bestee as in die vorige finansiële jaar. Die toename in die besteding aan kruideniersware is egter versag deur dienooreenkomste aanpassings in kliënte se gedrag, waarvolgens hul eerder meer bekostigbare items gekoop het. Die waarde van die gemiddelde lening-debietorder het met 20% gestyg en die gemiddelde waarde van voertuigfinansieringsdebetorders het met 15% toegeneem.

Die gemiddelde inkomste in kliënterekeninge het egter met net 4% op gemiddeld gegroei vergeleke met 10% vir die vergelykbare tydperk.

Ons bydrae tot ons kliënte, ons mense en die samelewing

Ten spyte van die impak wat moeilike ekonomiese omstandighede op ons bedrywigheid gehad het, het ons aangehou om voordele aan ons kliënte te gee. Ons ooprepspaar- en vastetermynspaarklënte het by die stygings in die repokoers gedurende die jaar gebaai, deur verhogings in die rentekoerse wat op deposito's betaal word. Rente betaal op kleinhandel transaksionele rekeninge het R1,8 miljard beloop, 'n styging van 80%. Ons het gemiddeld 4% rente op transaksionele rekeninge betaal terwyl ander banke oor die algemeen geen rente betaal het nie.

Aan die begin van Maart 2022 is die foie vir SMS-kennisgewings verlaag tot 25 sent per kennisgewing en is gratis in-toepassings-kennisgewings geloods. Deur hierdie inisiatief het ons kliënte R510 miljoen in foie bespaar.

Kwalifiserende deelnemers aan die Live Better beloningsprogram het kontanterugbetalings van R256 miljoen op debiet- en kredietkaartaankope ontvang. Hulle het ook Spend Better kontanterugbelonings in die bedrag van R106 miljoen by ons beloningsvennote ontvang.

Ons het gedurende die jaar verskeie digitale betaaloplossings soos Apple Pay, Samsung Pay en Google Pay bekendgestel. Ons het teen transaksiefoie op plaaslike kaartaankope deur hierdie digitale kanale nie. Ons het ook ons eie veilige aanlynbetaaloplossing, Capitec Pay, bekendgestel wat gebruikers teen skermkraap beskerm. Klientgebruik van hierdie digitale oplossings het ons verwagtinge oortref.

Finansiële onderrig, gemeenskapsondersteuning, werknemersvrywilligerswerk, skenkings aan vennootorganisasies en ramphulp is die fokus van ons maatskaplike verantwoordelikeidheidsopgins en die groep het gedurende die 2023 finansiële jaar R98 miljoen daartoe bygedra (2022: R57 miljoen). Beleggings in verskaffer- en ondernemingsontwikkeling het R79 miljoen beloop (2022: R9 miljoen).

Ons mense is die hart van die besigheid en hul ontwikkeling is 'n kernfokusarea aangesien dit rentensief dryf en ons kultuur ontwikkel. Ons interne aanstellingskoers van 49% weerspieël ons toewyding om ons werknemers te ontwikkel. Altesaam 7 331 werknemers het meer as 50 000 kursusse gedurende die jaar bewoون.

Belegging in die toekoms

Ons fokus was nog altyd op die bou van die toekoms. Gevolglik het ons gedurende die 2023 finansiële jaar ongeveer R1,4 miljard in strategiese projekte belê. Dié projekte het die volgende inisiatiewe ingesluit: die herbou en bekendstelling van Capitec Business, die stigting van ons eie versekeringsbesigheid ingevolge die verkryging van 'n langtermynversekeringslisensie, die bekendstelling van Capitec Connect, die uitbreiding van ons waardedoelgevoegde dienste (VAS), die bekendstelling van nuwe betalingsoplossings, digitale kredietverlening-inisiatiewe en die voortgesette verbetering van ons inligtingstechnologiesistels. Van die totale belegging is ongeveer 70% as bedryfsuitgawes verantwoord.

Die Live Better beloningsprogram wat kliënte aanmoedig om Beter te Bank, Beter te Spaar en Beter te Spandeer, het aansienlike momentum gedurende die jaar gekry. Teen 28 Februarie 2023, het ons 13,4 miljoen Live Better deelnemers gehad. Ons langtermynstrategie behels dat kliënte wegbeweeg van kontanttransaksies af, daarom beloon die Live Better program kliënte wat transaksies met hul debiet- en kredietkaart, eerder as met kontant, doen. Die program vorm ook deel van ons strategie om hoë gehalte, finansiële aktiewe kliënte te lok.

Om die impak van beurtkrag te verminder het ons R88 miljoen bestee aan die installasie van litiumbatterye in kontanttoestelle wat voorheen geen alternatiewe kragoplossings gehad het nie. Nog R130 miljoen sal gedurende die volgende finansiële jaar bestee word aan batterystallasies in die oorblywende toestelle.

Oorsig van finansiële resultate

Die groep se wesensverdienste het met 15% tot R9,7 miljard gestyg. Wins uit die Kleinhandelbank en Versekeringsbesigheid het met 12% tot R9,3 miljard gestyg, en wins uit die Besigheidsbank het met 124% tot R389 miljoen gegroei.

Netto inkomste uit lenings, beleggings en versekering het met 14% tot R17,2 miljard gegroei (2022: R15,1 miljard). Dié groei is gedryf deur die impak van die groei in netto lenings en voorskotte op rente- en kredietlewensversekeringsinkomste, en die impak van repokoersverhogings op beide rente-inkomste en -uitgawes. Begrafnisplan-inkomste het by die voortgesette groei in die aktiewe boek gekombineer met beter eise-ervaring gebaat.

Netto transaksie- en kommissie-inkomste het tot R11,5 miljard (2022: R10,5 miljard) gegroei terwyl die begrafnisplan-inkomste met 58% tot R1,4 miljard (2022: R0,9 miljard) gegroei het. Die groei in inkomste uit bedrywigheid tot R30,3 miljard (2022: R27,0 miljard) is geneutraliseer deur 'n 80% toename in die kredietafskrywingskosste weens die normalisering van die kredietverliesverhouding ná die COVID-19-pandemie. Bedryfsuitgawes het met 5% afgeneem.

Netto lenings en voorskotte het met 17% tot R78,2 miljard gegroei (2022: R66,5 miljard), terwyl verskeie deposito's en groothandelfondings van R134,5 miljard tot R146,5 miljard gegroei het. Ons is goed gekapitaliseer met 'n gemeenskaplike ekwiteit vlak 1 (CET1) verhouding van 34% en kapitaaltoereikendheidsverhouding (CAR) van 34%. Ons kapitaal- en likiditeitsverhoudings is aansienlik hoër as die regulatoriese en direksiespesifieke vereistes en die opbrengs op aandeelhouersekwiteit was stabiel op 26% (2022: 26%).

Netto lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste

Die groep se netto inkomste uit lenings, beleggings en versekering het met 14% tot R17,2 miljard toegeneem (2022: R15,1 miljard).

Rente-inkomste op lenings het van R13,2 miljard in die vergelykbare jaar tot R15,8 miljard toegeneem. Dit kan toegeskryf word aan die 325 basispunte-verhoging in die repokoers, groei van 16% in bruto lenings en voorskotte en die voortgesette verskuiving in die samestelling van die kleinhandel bruto lenings en voorskotte na veranderlike-rentekoersgekoppelde fasiliteite.

Rente-inkomste op beleggings en ander finansiële instrumente het met R1,2 miljard tot R5,4 miljard gegroei (2022: R4,2 miljard). Die groei is weens hoër opbrengste as gevolg van die hoër rentekoerse en die verbeterde opbrengs op die staatskaswissels-portefeulje. Die groep se rente-uitgawe op deposito's en groothandelfondings het met 45% tot R7,0 miljard toegeneem (2022: R4,8 miljard). Die toename is gedryf deur die groei in deposito-saldo's en die verhogings in die repokoers wat aan kliënte deurgegee is. Ons het R1,8 miljard se rente op transaksionele rekeninge betaal.

Netto kredietlewensversekeringsinkomste van R1,9 miljard (2022: R1,5 miljard) was 23% hoër as in die vergelykbare jaar. Dié portefeulje het by die groei in kleinhandel bruto lenings en voorskotte gebaat, aangesien kredietlewensversekering op die uitstaande leningsaldo gehêf word. Die gemiddelde versekerde boek vir die 2023 finansiële jaar was R71,1 miljard (2022: R61,9 miljard) en gevolglik het die netto premies gekryf met 13% tot R3,3 miljard toegeneem (2022: R2,9 miljard). Die kredietlewenseise-uitgawe het met 10% tot R853 miljoen gedaal (2022: R946 miljoen) omdat die aantal eise wat uitbetaal is afgeneem het. Die aantal doodseise het met 18% afgeneem terwyl die afleggingseise met 3% toegeneem het. Die verbeterde eise-ervaring gedurende die verslagdoenings tydperk het tot 'n R37 miljoen vrystelling in die aangegaan maar nog nie rapporteer nie (IBNR) voorsiening gelei.

Netto transaksie- en kommissie-inkomste

Die groep se netto transaksie- en kommissie-inkomste het met 9% tot R11,5 miljard toegeneem (2022: R10,5 miljard). Ons langtermynstrategie is dat ons kliënte wegbeweeg van kontanttransaksies af na digitaletransaksies toe. Die Maart 2023 prysveranderingis in ons bankfoie het dié strategie weerspieël, aangesien digitaletransaksie foie wat dieselfde gebly het terwyl kontantverwante foie gestyg het.

Netto transaksie- en kommissie-inkomste uit waardetoelgevoegde dienste, wat stuurkontantbetalings, voorafbetalde aankope van elektrisiteit, data en lugtyd, nasionale loterykaartjie-aankope, rekeningbetalings en koopbewyse insluit, het met 33% tot R1,6 miljard gegroei (2022: R1,2 miljard). Voorafbetalde verkope vir die jaar het ongeveer R29 miljard beloop, 11% hoër as die vergelykbare jaar. Ons kliënte koop meer as 30% van die voorafbetalde lugtyd en data wat in Suid-Afrika verkoop word oor die netwerke wat ons kanale gebruik. In Februarie 2023, slegs 4 maande na die bekendstelling van ons rekeningbetalings-produk, het ons meer as 1,1 miljoen rekeningbetalingstransaksies aangemeld.

Verkooppunt-transaksievolumes van 1,9 miljard (2022: 1,5 miljard) was 28% hoër as die vergelykbare tydperk en het R1,4 miljard (2022: R1,2 miljard) genereer. Die hoër volumes is deur faktore soos die uitvoering van ons langtermynstrategie om kliënte van kontant af weg te beweeg, aangedryf. Die Live Better program, wat nog net 'n jaar in plek is, beloon kliënte as hul transaksies met hul debiet- en kredietkaarte in plaas van kontant doen. Kwalifiserende deelnemers het deur die loop van die jaar R256 miljoen in kontanterugbetalings ontvang. Die voordele van hierdie strategie sal mettertyd realiseer namate ons meer gehalte kliënte lok.

<p>Capitec Bank Beherend Beperk Registrasienommer: 1999/025903/06 Geregistreerde bankbeheermaatskappy Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika ('Capitec' of 'die groep' of 'die maatskappy')</p> <p>JSE-kode vir gewone aandeel: CPII ISIN-kode: ZAE000035861</p> <p>JSE-kode vir voorkeuraandeel:CPIP ISIN-kode: ZAE000083838</p> <p>Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor: YM Mouton, 5 Neutron Pad, Tegnopark, Stellenbosch 7600; Posbus 12451, Die Boord, Stellenbosch 7613</p>
<p>Oordragsekreтары: Computershare Investor Services Proprietary Limited (Registrasie nummer: 2004/003647/07) Rosebank Towers, 15 Biermann Avenue, Rosebank, Johannesburg 2196; Private Bag X9000, Saxonwold, 2132</p>
<p>Borg: PSG Capital Proprietary Limited (Registrasie nummer: 2006/015817/07)</p>
<p>Direkteure: SL Botha (Voorsitter), GM Fourie (CEO)(1), AP du Plessis (CFO)(1) (afgetree op 30 Junie 2023), SA du Plessis, CH Fernandez, GR Hardy (CFO)(1) (aangestel op 1 Julie 2022), MS du Pré le Roux, V Mahlungu, TE Mashilwane, NS Mashya (CRO) (1) (Bedank effektiesf 31 Maart 2023), DP Meintjies, PJ Mouton, CA Otto, JP Verster</p>

Wesensverdienste

+15%

tot R9.7 miljard

Opbrengs op ekwiteit

26%

Kontantverwanetransaksie-volumes het met slegs 5% tot 562 miljoen gegroei (2022: 535 miljoen). Ons strategie waarvolgens kliënte na digitaletransaksies eerder as kontanttransaksies beweeg en die impak wat voortselepende beurtkrag op die beskikbaarheid van ons kontanttoestelle het, het die laer groei in kontanttransaksies veroorsaak.

Ons kliënte het R510 miljoen aan foie bespaar deur die verlaging in die SMS-kennisgewingsfoie en die bekendstelling van gratis in-toep-kennisgewings, wat deel van ons digitale strategie vorm. As die verlaging in SMS-kennisgewingsfoie uitgesluit word, was die groei in netto transaksie- en kommissie-inkomste 14%.

Begrafnisplaninkomste

Begrafnisplaninkomste het met 58% tot R1,4 miljard toegeneem (2022: R0,9 miljard). Dié toename is deur 'n verskeidenheid faktore gedryf.

Die aktiewe begrafnisboek het tot 2,2 miljoen polisse aan die einde van Februarie 2023 gegroei (2022: 1,7 miljoen). Die toename in die gemiddelde aktiewe begrafnisboek het 'n 40% verhoging in premie-inkomste tweeweg gebring. Premie-invorderingskoerse het effens verbeter en was gemiddeld 88% (2022: 87%) vir die jaar. Eise van ongeveer R2,5 miljard (2022: R2,0 miljard) is uitbetaal, maar die gemiddelde eiseverhouding vir die jaar het tot 69% verbeter (2022: 76%). Volhoubaarheid in die 12 maande nadat 'n polis uitgereik is, het stabiel gebly teen 'n koers van 57% (2022: 58%) en is 'n sleutelaanwyser van die kwaliteit van die aktiewe polisboek.

Kredietafskrywingskosste en lenings en voorskotte

Die groep se bruto lenings en voorskotte het met 16% tot R97,8 miljard toegeneem (2022: R84,1 miljard) en die voorsiening vir kredietafskrywings (ECL) het van R17,6 miljard tot R19,6 miljard gegroei. Die groep se totale netto kredietafskrywingskosste op bruto lenings en voorskotte het met 80% tot R0,3 miljard toegeneem (2022: R3,5 miljard).

Kleinhandelbank

'n Begrip van die kredietafskrywingskosste kan slegs verkry word deur die tendens oor die afgelope 4 jaar te ontlee. Die 2020 finansiële jaar was ons laaste verslagdoeningsjaar voor die COVID-19-pandemie en die ekonomiese omwenteling gedurende 2021 en 2022 moet in ag geneem word om konteks aan die 2023-koste te verskaf.

R'm	2023	2022	2021	2020
Nuwe leningsverkope netto van vereffening	4 060	2 745	1 637	2 852
Bestaande boek	4 522	2 957	8 431	4 297
Kredietafskrywingskosste	6 726	3 195	5 951	4 009
Vooruitskouingsinligting ten opsigte van makro-ekonomiese vooruitskouingsvoorsiening	(2 204)	(238)	2 480	288
Fase 3 rente nie erken nie	(1 758)	(1 595)	(1 779)	(1 526)
Bruto kredietafskrywingskosste	6 824	4 107	8 289	5 623
Slegte skuld verhaal	(702)	(815)	(929)	(1 263)
Netto kredietafskrywingskosste	6 122	3 292	7 360	4 360

Gedurende 2021 was die impak van die COVID-19-pandemie vir die eerste keer duidelik sigbaar in die kredietafskrywingskosste. Die harde inperking het gedurende die eerste maand van die finansiële jaar, Maart 2020, begin. Kredietverleningskriteria is verskerp, wat tot 'n koste van slegs R1,6 miljard op nuwe leningsverkope netto van vereffening, vir 2021 gelei het. Altesaam R7,5 miljard se saldo's is herskeduleer en na fase 2 en 3 oorgeplaas soos aangedui deur die R6,0 miljard koste wat met verswakking in die boek verband hou. COVID-19-verwante herskedulerings het hoër voorsieningspersentasies gedra totdat 6 agtereenvolgende kontraktuele terugbetalings gemaak is, waarna dit as gerehabiliteer beskou is. Weens die swak ekonomiese vooruitskouingsvoorspelling aan die einde van die 2021 finansiële jaar het die makro-ekonomiese vooruitskouingsvoorsiening met R2,5 miljard toegeneem.

Die 2022 koste weerspieël die herstel van die aanvaanklike impak van die pandemie. Die R2,7 miljard koste op nuwe leningsverkope netto van vereffening vir 2022 weerspieël die verslapping van kredietverleningskriteria vir spesifieke vlakke van kliënte vanaf November 2021. Die COVID-19-verwante herskedulerings het voortgegaan om te rehabiliteer soos weerspieël deur die laer migrasie in die leningsboek as in 2020. As gevolg van die oorlog in die Oekraïne wat in Februarie 2022 begin het en die gevolglike negatiewe makro-ekonomiese voorspelling aan die einde van Februarie 2022, het die makro-ekonomiese vooruitskouingsvoorsiening minimaal met R0,2 miljard afgeneem.

Die 2023 nuwe leningsverkoopkosste van R4,1 miljard weerspieël die verslapping van kredietverleningskriteria voor Junie 2022. Namate die impak van hoër inflasie en verhoogde rentekoerse duidelik geword het, het ons in Junie 2022 begin om kredietverleningskriteria te verskerp om die toenemende finansiële druk op ons kliënte in ag te neem. Uitsluitend die R1,3 miljard toename in die nuwe leningsverkoopkosste, was die kredietafskrywingskosste vir 2023 46% hoër as in die vergelykbare tydperk. Die koste wat met verswakking in die boek verband hou het tot R6,7 miljard gegroei namate ekonomiese toestande druk op ons kredietkliënte geplaas het. Daar was 'n toename in die aantal kliënte wat onder skuldheriening geplaas is, wat agterstalling geword het, wat op hul lenings verstek het, en die aantal saldo's wat herskeduleer is. Skuldherieningsaldo's het tot R5,6 miljard toegeneem (2022: R4,9 miljard). Oorhandelbare saldo's wat op boek bly terwyl hulle in ooreenstemming met die betalingsooreenkomste presteer, het van R3,8 miljard tot R4,9 miljard gestyg.

Namate die negatiewe ekonomiese voorspelling teen Februarie 2022 in die basisvoorsieningsmodel gemanifesteer het, was daar 'n afname in die makro-ekonomiese vooruitskouingsvoorsiening. Die ekonomiese aanwysers aan die einde van Februarie 2023 het nie soveel verswakking aangedui as wat daar aan die einde van Februarie 2022 was nie en gevolglik het die makro-ekonomiese vooruitskouingsvoorsiening met R2,2 miljard verminder. Aan die einde van die 2023 finansiële jaar was die makro-ekonomiese vooruitskouingsvoorsiening R0,8 miljard.

Presterende toegangsfasiliteitsaldo's het byna verdubbel tot R18,5 miljard (2022: R9,5 miljard) aan die einde van die huidige jaar. Die toegangsfasiliteit is voortdurend beskikbaar en daarom bespaar ons die koste van 'n kliënt wat 'n tak besoek om weer vir krediet aansoek te doen. Toelae vir kredietafskrywings op ongebruikte toegangsfasiliteitlimiete het 'n toenemende impak op die kredietverliesverhouding omdat die toegangsfasiliteitboek groei en voorsienings op die ononttrekte limiete te boek gestel word. Die fasiliteitsprodukte bied nes egter die vermoë om limiete dinamies aan te pas in ooreenstemming met veranderinge in kredietrisiko. Aan die einde van die 2023 finansiële jaar het ononttrekte limiete op die toegangsfasiliteit en kredietkaartprodukte R15,8 miljard beloop (2022: R11,3 miljard). Ons monitor deurgaans die kredietrisiko op toegangsfasiliteite en het R3,5 miljard (2022: R1,3 miljard) se limietperke gedurende die jaar afwaarts aangepas.

Slegte skulde wat verhaal is (skuldverkope uitgesluit) het vir die jaar van R642 miljoen tot R498 miljoen afgeneem. Die meeste van die verhalings het betrekking op saldo's wat voor die implementering van IFRS 9 in Maart 2018 afgeskryf is. Ná die implementering by leningsaldo's wat oorhandig of onder skuldheriening is, en wat voorheen afgeskryf is, op boek totdat daar geen redelike verwagting van toekomstige verhalings is nie. Verhalings op hierdie saldo's verminder tans bruto lenings en voorskotte en die gepaardgaande voorsienings, en vorm nie deel van die slegte skuld wat verhaal word nie.

Die onderstaande tabel weerspieël die tendens in die kredietverliesverhouding en leningsboekdekkingsverhouding van 2020 tot 2023.

%	2023	2022	2021	2020
Kredietverliesverhouding	8.0	4.9	11.4	7.2
ECL-dekkingsverhouding	22.9	23.6	26.9	20.5
Makro-ekonomiese vooruitskattingsvoorsiening as 'n % van totale ECL	4.0	17.6	18.6	4.8

Die kredietverliesverhoudings weerspieël die faktore wat hierbo bespreek is vir die 2023, 2022 en 2021 jare. Die kredietverliesverhouding vir 2020 weerspieël die ekonomiese toestande en toekenningskriteria voor die aanvang van die COVID-19-pandemie. Die tabel illustreer die abnormaliteit van die kredietverliesverhoudings gedurende die 2021/2022 tydperk en dat die 2023 verhouding na voor-COVID-19-vlakke terugkeer het. Die kredietverliesverhouding vir 2023, uitgesluit die ECL op ononttrekte toegangsfasiliteitlimiete, was 7,7%.

Die gemiddelde 12-maande makro-ekonomiese vooruitskouingsbasislyn aanwysers, soos verkry by die Buro vir Ekonomiese Ondersoek wat tans gebruik word in die berekening van die makro-ekonomiese vooruitskouingsvoorsiening, dui daarop dat die vooruitsig nie so negatief is soos 'n jaar gelede nie. Die afname in die ECL-dekkingsverhouding op die leningsboek is in lyn met hierdie verwagtinge en die verhouding bly baie hoër as voor-COVID-19-dekkingsverhoudings. Met die makro-ekonomiese vooruitskouingsvoorsiening uitgesluit, het die ECL-dekkingsverhouding van 19,4% in Februarie 2022 tot 21,9% aan die einde van Februarie 2023 toegeneem.

Die dekkingsverhouding-tendense per fase word in die onderstaande tabel ontleed:

R'm	2023	2022	2021	2020
Fase 1	7.2	10.8	9.4	6.8
Fase 2	26.2	24.2	30.8	30.5
Fase 3	63.0	63.9	69.0	73.1
Bruto lenings en voorskotte	22.9	23.6	26.9	20.5

Die fase 1 dekkingsverhouding het afgeneem namate die lenings waarmee die 2022 makro-ekonomiese vooruitskouingsvoorsiening verband gehad het, soos warm na fase 2 en fase 3 gemigreer het. Teen Februarie 2022 is 'n groot deel van die voorsiening by fase 1 ingesluit aangesien dié saldo's was wat die meeste deur die makro-ekonomiese vooruitskouingsinligting geraak sou word. Die voorsiening op saldo's wat reeds na fases 2 en 3 oorgegaan het, is reeds op hoër vlakke gehou en 'n kleiner verhoging in die voorsiening sal vereis word indien hulle in gebreke bly om te betaal. Die dekkingsverhouding bly hoër as voor-COVID-19-vlakke as gevolg van die oorblywende risiko wat in die makro-ekonomiese vooruitskouingsvoorspelling weerspieël word.

Die fase 2 dekkingsverhouding is ook beïnvloed deur die migrasie van die lenings waarmee die 2022 makro-ekonomiese vooruitskouingsvoorsiening verband gehad het, maar in 'n mindere mate. Aan die einde van die 2020 en 2021 finansiële jare het 1 maand agterstallige saldo's (wat hoër voorsieningspersentasies as die op-datum SICR-saldo's en SICR-vooruitskouingsaldo's dra) 'n groter deel van die fase 2 saldo's uitgemaak, wat tot 'n hoër dekkingsverhouding gelei het. Die dekkingsverhouding op saldo's wat SICR toon en met SICR-vooruitskouingsaanwysers het onderskeidelik tot 22.6% (2022: 21.3%) en 24,0% (2022: 21,2%) toegeneem. Hierdie saldo's, hoewel op datum, weerspieël die toename in finansiële druk op ons kliënte en konserwatiewe voorsieningspersentasies word toegepas op grond van bewegings in gedragaanwysers gedurende die jaar.

Die fase 3 dekkingsverhouding toon 'n dalende tendens en is tans laer as voor-COVID-19-vlakke. Die dekkingsverhouding op die verstekboek (meer as 3 maande agterstallig, regstatus en aansoek om skuldheriening binne die vorige 6 maande boek) aan die einde van Februarie 2023 was 72,7% (2022: 73,6%) Dit is beïnvloed deur 'n verandering in die samestelling van die verstekboek. Ten spyte van die verhogings in skuldherieningsaldo's het hulle 45% van die verstekboek (2022: 52%) uitgemaak, terwyl oorhandelbare saldo's 39% (2022: 40%) uitgemaak het. Die oorblywende 16% van die verstekboek (2022: 8%) was onderhewig aan invorderingsaksies deur die bank. Hierdie saldo's dra laer voorsieningspersentasies as die skuldheriening en oorhandelbare saldo's omdat betalingsreëlings met die geaffekteerde kliënte in plek is en hul gedragaanwysers nie verswak het tot die punt waar oorhandiging of afskrywing plaasvind nie. Gevolglik, namate hierdie gedeelte van die boek toeneem, neem die algehele dekkingsverhouding af.



<p>Die verdeling van die kleinhandelleningsboek volgens fase en kategorie word hieronder weerspieël.</p>																																				
<table> <tbody><tr> <th></th> <th>Fase 1</th> <th colspan="3">Fase 2</th> <th colspan="3">Fase 3</th> <th></th> </tr> <tr> <td></td> <td></td> <th colspan="3">Lewenslange ECL</th> <th colspan="3">Lewenslange ECL</th> <td></td> </tr> <tr> <td></td> <td></td> <td>Op-datum lenings met SICR en aansoek om skuldheriening >6 maande</td> <td>Vooruit-skouing SICR¹</td> <td>Tot 1 maand agter-stafig</td> <td>2 en 3 op-datum agter-stafig</td> <td>Herskedule-ling vanaf gerehabi-liteer nie</td> <td>Herskedule-ling vanaf agter-stafig om skuldheriening <6 maande</td> <td>Meer as 3 maande agter-stafig, regstatus, en aansoek om skuldheriening <6 maande</td> </tr> <tr> <td>R'm</td> <td>Op-datum</td> <td></td> <td></td> <td></td> <td></td> <td></td> <td></td> <td>Totaal</td> </tr> </tbody></table>		Fase 1	Fase 2			Fase 3						Lewenslange ECL			Lewenslange ECL						Op-datum lenings met SICR en aansoek om skuldheriening >6 maande	Vooruit-skouing SICR ¹	Tot 1 maand agter-stafig	2 en 3 op-datum agter-stafig	Herskedule-ling vanaf gerehabi-liteer nie	Herskedule-ling vanaf agter-stafig om skuldheriening <6 maande	Meer as 3 maande agter-stafig, regstatus, en aansoek om skuldheriening <6 maande	R'm	Op-datum							Totaal
	Fase 1	Fase 2			Fase 3																															
		Lewenslange ECL			Lewenslange ECL																															
		Op-datum lenings met SICR en aansoek om skuldheriening >6 maande	Vooruit-skouing SICR ¹	Tot 1 maand agter-stafig	2 en 3 op-datum agter-stafig	Herskedule-ling vanaf gerehabi-liteer nie	Herskedule-ling vanaf agter-stafig om skuldheriening <6 maande	Meer as 3 maande agter-stafig, regstatus, en aansoek om skuldheriening <6 maande																												
R'm	Op-datum							Totaal																												
Saldo op 28 Februarie 2022																																				
Bruto lenings en voorskotte	50 320	9 803	1 951	1 764	2 202	1 917	1 915	12 425																												
Voor siening vir kredietafskrywings (ECL) ²	(3 634)	(2 219)	(486)																																	